BYLAAG 11

Artikel 73 tot 82 en 117(e) van die Wet op Korrektiewe Dienste (wet 111 van 1998)

Funksionering van die nuwe Korrektiewe toesig- en Paroolraad

Artikel 73:

- ’n gevonniste gevangene bly in die gevangenis vir die volle tydperk van sy vonnis,
- ’n gevangene gevonnis tot lewenslange gevangenisstraf bly in die gevangenis vir die res van sy lewe,
- ’n gevangene moet uit die gevangenis of enige vorm van korrektiewe toesig vrygelaat word wanneer die maksimum aanhoudingstydperk voltooi is,
- plasing op parool, dagparool of korrektiewe toesig kan geskied voor die maksimum aanhoudingstydperk bereik word,
- die datum waarop sodanige plasing geskied moet deur die KTPR vasgestel/goedgekeur word,
- ’n gevangene wat lewenslange gevangenisstraf uitdien kan op dagparool of parool vrygelaat word op ’n datum wat deur die hof bepaal word,
- plasing op korrektiewe toesig, dagparool of parool is onderhewig aan die aanvaarding van die betrokke voorwaardes, deur die oortreder,
- ’n gevangene wat ’n bepaalde vonnis uitdien mag nie op parool uitgeplaas word alvorens die nie-parooltydperk uitgedien is nie of waar geen nie-parooltydperk gespesifiseer is nie, die helfte van die vonnis reeds uitgedien is nie, maar moet oorweeg word in gevalle waar ’n oortreder reeds 25 jaar van ’n vonnis of vonnisse uitgedien het. Tot en met twee (2) jaar mag ’n hof nie ’n nie-parooltydperk voorskryf nie,
- gevangenes gevonnis tot lewenslange gevangenisstraf moet minstens 25 jaar uitdien alvorens hulle vir parool oorweeg sal word, maar gevangenes wat lewenslange gevangenisstraf uitdien en die ouderdom van 65 jaar bereik, kan na 15 jaar oorweeg word vir parool,
- waar Artikel 51 en 52 van die Strafproseswet ter sprake is (minimum vonnisse), moet vier-vyfdes van ’n vonnis uitgedien word of 25 jaar, watter

een ookal die kortste is. In hierdie gevalle kan die hof ook die uitdienning van twee-derdes las as minimum aanhoudingstydperk voor oorweging van parool,

- gewoonte misdadigers moet 15 jaar uitdien, maar kan na 7 jaar oorweeg word vir parool. Indien parool goedgekeur word sal dit nie slegs vir drie (3) jaar wees soos voorheen nie, maar vir die oorblywende gedeelte van die vonnis (8 jaar),
- meer as een vonnis onder artikel 276(1)(i) van die Strafproseswet mag nie op korrektiewe toesig geplaas word vir ’n tydperk langer as vyf (5) jaar nie,
- gevangenes gevonnis onder artikel 276(1)(i) moet ten minste ’n sesde van hul vonnis voltooi alvorens plasing op korrektiewe toesig oorweeg kan word,
- vonnis onder artikel 276(1)(b), 276(1)(i) en periodes wat nie vyf (5) jaar oorskry nie, as ’n alternatief tot ’n boete, moet ’n ¼ van die effektiewe vonnis of die nie-paroolgedeelte, watter een ook al die langste is, uitgedoen word voor uitplasing op korrektiewe toesig oorweeg kan word, behalwe as die hof anders gelas, en
- bepaalde vonnisse opgelê onder artikel 276(1)(b) van die Strafproseswet mag nie op korrektiewe toesig uitgeplaas word nie, behalwe as dit omskep is tot korrektiewe toesig in ooreenstemming met artikel 276A(3).

Artikel 74:

- die Korrektiewe toesig- en Paroolraad sal bestaan uit;
  * Voorsitter (lid uit die gemeenskap)
  * Ondervoorsitter (Korrektiewe Dienste lid)
  * Twee (2) gemeenskapslede
  * Sekretaris (Korrektiewe Dienste lid),
- ’n lid van die SAPD en Justisie kan ook geko-opteer word om sitting te hê op die KTPR of om ’n geskrewe verslag in te dien na die raad,
- drie lede sal ’n kworum verteenwoordig. Die Voorsitter of Ondervoorsitter moet een van hierdie 3 lede wees,

- besluite deur die raad sal deur middel van ’n algemene ooreenkoms geneem word, maar daar kan ook gestem word om ’n ooreenkoms te bereik. In die geval van ’n staking van stemme het die Voorsitter ’n beslissende stem,
- vir die intrim sal die Sekretaris van die KTPR ook stemgeregtig wees,
- die twee gemeenskapslede op die KTPR verteenwoordig die gemeenskap en daarom sal hulle mense moet wees wat betrokke is in die gemeenskap en in goeie orde binne die gemeenskap staan,
- die Voorsitter word op ’n 5 jaar kontrakbasis (nie-hernubaar) aangestel,
- die twee gemeenskapslede word op ’n 3 jaar kontrakbasis aangestel wat een keer hernu kan word, en
- die Ondervoorsitter sal vir die oorgangstydperk ’n lid van Korrektiewe Dienste wees waarna dit ook gevul sal word met ’n persoon vanuit die gemeenskap. Dit sal verseker dat wie ook al voorsit, dit ’n lid vanuit die gemeenskap sal wees.

Artikel 75:

- gevangenes wat effektiewe vonnisse van langer as 12 maande uitdien se plasing op korrektiewe toesig, dagparool en parool, word deur die KTPR hanteer/goedgekeur,
- die KTPR stel die voorwaardes vir korrektiewe toesig,
- die KTPR maak aanbevelings aan die hof a quo ten opsigte van plasing van persone wat as gevaarlik verklaar is deur die hof ingevolge Artikel 286A van die Strafproseswet. Die KTPR kan dus nie korrektiewe toesig, dagparool of parool goedkeur in dié gevalle nie,
- gevangenes wat lewenslange gevangenisstraf uitdien moet ook terug verwys word na die hof a quo vir ’n beslissing rakende dagparool en parool,
- waar voorwaardes verander/gekanselleer moet word, moet dit binne 14 dae geskied deur die liggaam wat die voorwaardes aanvanklik gestel het,
- klaers of slagoffers wat ’n raadsitting wil bywoon of ’n voorlegging doen, moet op hoogte gehou word van waar en wanneer so ’n sitting gaan plaasvind,
- die beslissing van die KTPR is finaal, maar die Kommissaris of Minister kan dit verwys na die Korrektiewe toesig- en Paroolhersieningsraad vir ’n opinie,

- vonnisse tot 12 maande resorteer onder die Hoof van die Korrektiewe Sentrum vir plasing op parool.

Artikel 76:

- die Korrektiewe toesig- en Paroolhersieningsraad word vir elke vergadering deur die Nasionale Raad gekies en bestaan uit:
  * 'n regter as Voorsitter,
  * 'n direkteur of adjunkdirekteur van Openbare Vervolging,
  * 'n lid van Korrektiewe Dienste,
  * 'n persoon met besondere kennis van die korrektiewe stelsel, en
  * twee verteenwoordigers van die publiek.

Artikel 77:

- die Korrektiewe toesig- en Paroolhersieningsraad kan enige beslissing van die KTPR bevestig of vervang met 'n ander besluit, en
- waar die aanvanklike besluit gewysig word, moet redes daarvoor aan die Minister, Kommissaris en die betrokke KTPR gegee word vir hulle inligting en leiding.
-

Artikel 78:

- in die geval van lewenslange gevangenisstraf sal die hof die verwysing/aanbeveling van die KTPR oorweeg, en
- die hof kan die aanbeveling van die KTPR goed- of afkeur.

Artikel 79:

- 'n persoon wat enige vonnis van gevangenisstraf uitdien en skriftelik deur 'n mediese praktisyn bevestig word dat so 'n persoon terminaal siek is, kan die Kommissaris, KTPR of die hof, na gelang van die geval, korrektiewe toesig of parool toesig goedkeur ten einde 'n vertroostende en waardige dood te sterf,

- vir die praktiese doeleindes van hierdie artikel is dit belangrik dat twee verslae, een van ’n mediese praktisyn en een van ’n spesialis verkry word. ’n Maatskaplike verslag moet ook verkry word en moet die volgende aspekte bevat:
    * sal die gevangene 24 uur toesig per dag hê by die adres waarheen hy uitgeplaas word,
    * is daar genoeg plek vir hom om te bly by bogenoemde adres,
    * sal hy sy volle mediese behandeling kan kry/in stand hou waar hy uitgeplaas word,
- ontslag op mediese gronde beteken dat die gevangene steeds onder toesig van ’n toesigbeampte is en terug kan kom na die gevangenis indien hy sy voorwaardes verbreek, en
- waar families nie so ’n persoon wil inneem nie as gevolg van finansiële probleme wat sal veroorsaak dat hulle nie vir ’n begrafnis kan betaal nie, is daar instansies in die gemeenskap wat sulke gevangenes sal versorg tot hul dood. Die enige vereiste is dat die Staat hom sal begrawe. Hierdie reëling maak dit makliker om terminaal siek gevangenes uit die gevangenis te kry.

Artikel 80:

- die KTPR kan in verdienstelike gevalle spesiale afslag van vonnis tot hoogstens twee jaar toestaan waar verdienstelike optrede deur ’n gevangene dit regverdig,
- geen afslag van vonnis mag gegee word aan gevangenes wat lewenslange gevangenisstraf uitdien of ingevolge artikel 286A van die Strafproseswet tot ’n gevaarlike persoon verklaar is nie. In hierdie geval kan ’n geldelike vergoeding oorweeg word vir verdienstelike optrede, en
- geen spesiale afslag van vonnis mag veroorsaak dat minder as die nie-parooltydperk of die helfte van ’n vonnis uitgedien word nie.

Artikel 81:

- die Minister van Korrektiewe Dienste kan aansoek doen by die Nasionale Raad om gevangenes met goedgekeurde vrylatingsdatums se plasing op korrektiewe toesig of parool te vervroeg in gevalle waar oorbevolking sulke afmetings aanneem dat die veiligheid van gevangenes en lede sowel as die menswaardigheid en fisiese versorging van gevangenes tot so ’n mate daardeur beïnvloed word,
- die Nasionale Raad kan die vervroegde vrylating van ’n gevangene of groep gevangenes aanbeveel en die Minister kan dan daarvolgens handel, en
- gevangenes wat op hierdie wyse vrygelaat word, staan nog steeds onder al die voorwaardes wat gestel is deur die KTPR.

Artikel 82:

- die Staatpresident kan teen enige tyd die plasing van ’n gevangene op korrektiewe toesig of op parool las, maar die voorwaardes soos gestel deur die betrokke KTPR bly steeds van krag,
- die Straatspresident mag enige deel van ’n gevangene se straf verminder, en
- die Staatspresident mag oortreders begenadig of grasie verleen.

Artikel 117(e):

- enige persoon onder korrektiewe toesig wat dros uit die stelsel is nie meer onderhewig aan monitering nie en dus skuldig aan ’n misdryf en strafbaar tot ’n boete, gevangenisstraf vir ’n periode wat nie tien (10) jaar oortref nie, gevangenisstraf sonder die keuse van ’n boete of albei, en
- soos die geval met ’n persoon wat ontvlug terwyl hy ’n vonnis van gevangenisstraf uitdien, net so is ’n persoon wat dros uit die stelsel van korrektiewe toesig ook skuldig aan ’n “ontvlugting” aangesien korrektiewe toesig ’n vonnis is, maar slegs buite die gevangenes uitgedien word.